**Die tabernakel versus die tempel deur Salomo gebou (OP182)**

**2 Sam 7:1-17, 1 Kon 6-9, Jer 7:1-15, 2 Kron 36:17-21**

**28 Julie 2024**

Die afgelope paar weke is ons besig om die tabernakel te bestudeer. Tot dusver het ons gesien die tabernakel is 'n uitbeelding van die Here se verlossingspad met 'n gelowige. Ons het ook gesien die tuin van Eden was 'n eerste tabernakel of tempel – maar daar was beduidende verskille in vergelyking met die latere tabernakel omdat daar destyds nog nie sonde was nie, en omdat Adam en Eva in 'n werksverbond met die Here was. Laasweek het ons die goue kalf gebeure oordink. Uit die gebeure, en veral uit Moses se bemiddeling tussen die Here en die volk, het ons gesien hoe belangrik die tabernakel was: Omdat die Here heilig is en die volk onheilig is, is dit onmoontlik vir die Here om maar net in die kamp in die midde van die volk te woon – Sy heiligheid eis dat Hy hulle onheiligheid moet aanspreek en hulle uitwis. Dit is alleen moontlik vir die Here om in hulle midde te woon, as Hy in die Allerheilgste van die tabernakel kan woon – agter die voorhof en die Heilige. Lede van die volk kan alleen in die Here se teenwoordigheid kom as hulle in die tabernakel inkom en deur die voorhof en die Heilige beweeg, d.w.s. as hulle geregverdig word deur die werk van die Here Jesus, en geheilig word deur die werk van die Here Jesus en die Heilige Gees. Teen die tyd dat hulle die Allerheiligste bereik, is hulle heilig en kan in die teenwoordigheid van die Here kom.

Vandag wil ek die verdere ontwikkeling van die tabernakel-tema in die openbaringsgeskiedenis bedink deur na die tempel te kyk wat Salomo gebou het. Ek wil dit onder die volgende vier punte oordink: (1) Dawid wil vir die Here 'n huis bou (2 Sam 7:1-17), (2) Salomo bou die tempel (1 Kon 6-9), (3) Jeremia waarsku die volk oor die tempel (Jer 7:1-15), en (4) Die tempel word vernietig (2 Kron 36:17-21). Daarna moet ons besin oor wat die implikasies hiervan vir ons is.

<u>Dawid wil vir die Here 'n huis bou (2 Sam 7:1-17)</u>

Teen die tyd dat 2 Sam 7 aanbreek, is die volk reeds gevestig in die beloofde land. Dawid is hulle koning en hy regeer vanuit Jerusalem. Dawid woon ook alreeds in 'n paleis. In vers 2 lees ons dat Dawid oordeel hyself woon in 'n huis van sederhout, terwyl die ark van die Here steeds in 'n tent gehuisves word – Dawid wil dus vir die Here 'n huis bou waarin die Here dan kan woon – soos wat die Here in Eks 25:8 vir Moses gesê het die volk moet 'n heiligdom maak met die doel dat die Here in hulle midde kan woon. Dit het destyds aanleiding gegee tot die bou van die tabernakel – 'n tent waarin die Here gewoon het en wat saam met die volk deur die woestyn getrek het. Siende dat die volk nou gevestig is in die beloofde land, oordeel Dawid dit is ook nou geleë om die tabernakel op te gradeer na 'n behoorlike tempel, waarin die verbondsark geplaas kan word – sodat die Here sodoende dan in die tempel in hulle midde kan woon.

In verse 5-7 reageer die Here hierop – die Here sê Hy het nog nooit die saak aangeroer dat die volk vir Hom 'n huis moet bou nie. In verse 8-11a herinner die Here Dawid dat Hy die Een is wat Dawid geroep het as koning en wat met hom was tot nou toe. En dan maak die Here die belangrike stelling in vers 11b: "Die Here maak aan jou (Dawid) bekend dat Hy, die Here, 'n huis vir jou (Dawid) sal oprig." In verse 12 en 13 verduidelik die Here verder wat dit beteken: Die Here beloof aan Dawid dat Hy Dawid se nakomeling se koningskap sal vestig. Hierdie nakomeling is Dawid se seun – ons weet dit is Salomo. En dit is Salomo wat vir die Here 'n huis sal bou. Trouens, in vers 16 gaan die Here nog verder, en beloof aan Dawid dat sy huis en koningskap vir altyd bestendig sal wees en dat sy troon vir altyd in stand sal bly. Ek glo dit is duidelik dat ons hier die sluiting van die Dawidverbond het – die volgende belangrike verbond in die Ou Testament na die sluiting van die Sinaiverbond – die verbond waaraan ek hoop om aandag te gee na ons die Sinaiverbond afgehandel het. Ek wil dus nie nou in

diepte aandag gee aan die Dawidverbond nie. As ons in vers 11b lees dat die Here onderneem dat Hy vir Dawid 'n huis sal bou, dan word dit gewoonlik geïnterpreteer dat dit beteken dat die Here vir Dawid 'n koningshuis sal bou – oftewel dat die Here vir hom 'n dinastie sal oprig (sien onderskrif in 2020 DAV), d.w.s. dat daar deur geslagte heen iemand uit Dawid se nageslag sal wees wat regeer, en natuurlik dat dit uiteindelik vervul word deur Jesus wat uit Dawid se nageslag gebore word en die Opperkoning is – en ek stem volkome hiermee saam, en hoop om dit in meer detail te oordink wanneer ons die Dawidverbond oordink.

Maar ek is oortuig hier lê meer betekenis in: Onthou, Dawid wou vir die Here 'n huis bou – bedoelende 'n fisiese tempel in die plek van die tabernakel. En die Here antwoord: Hy gaan vir Dawid 'n huis bou, en sy seun, Salomo, kan die tempel bou. Dit begin lyk of hier twee aspekte is wat ons van moet kennis neem: een is die fisiese tempel, wat Salomo kan bou, en die ander is 'n huis vir Dawid, wat die Here gaan bou. Is laasgenoemde net die komende Koning uit Dawid se nageslag – of is daar 'n ryker betekenis in? Wel, kom ons blaai na die Nuwe Testament:

- Joh 2:19-22 Hier praat die Jode oor die fisiese tempel wat 46 jaar geneem het om gebou te word, maar Jesus sê Hy sal dit afbreek en in 3 dae opbou. Jesus bedoel egter nie die fisiese tempel nie, maar Sy liggaam – Sy fisiese liggaam wat sou sterf en na 3 dae opstaan. Jesus verwys dus na Homself as die tempel.
- Ef 2:19-22 Hier beskryf Paulus die gelowiges as die huisgesin van God en as 'n heilige tempel vir die Here: Jesus Christus is die hoeksteen, die apostels en die profete is die fondament, en die gelowiges is die gebou.

As die Here dus vir Dawid sê, Hy sal vir Dawid 'n huis bou, dan bedoel die Here enersyds dat Hy vir Dawid 'n dinastie sal bou – en ten diepste is dié Nakomeling uit Dawid wat vir altyd sal regeer, die Here Jesus. Maar die Here het ook meer in gedagte: Dieselfde Jesus is ook die tempel. Dieselfde Jesus is ook die hoeksteen van die tempel. Maar, nou vra jy, hoe is Jesus die tempel? Onthou die simboliek van die tabernakel: Jesus is die offer op die brandofferaltaar. Jesus se bloed is in die waskom. Jesus is die lig van die kandelaar. Jesus is die brood op die tafel met die toonbrode. Jesus is die wierook wat voorspraak doen by die Here. Jesus is die verbondsark. Jesus se bloed is op die versoendeksel. Jesus is die tempel! Maar die Nuwe Testament gaan verder: die gelowiges is die gebou, die stene wat deur Jesus se werk ingebou word in die tempel. Hulle is dus ook die tempel. Hulle vorm die Here se huis – daardie huis wat die Here beloof het Hy vir Dawid sal bou. As ons dus oor die tempel van Salomo dink, moet ons in gedagte hou waarheen dit besig is om te ontwikkel – die tempel met Jesus as hoeksteen, die profete en apostels as fondament, en die gelowiges as stene.

Let nou op 2 Sam 7:14. Die Here verwag egter steeds van Dawid se nakomeling gehoorsaamheid. As hy ongehoorsaam is, sal die Here hom straf met stokke en houe. Let nou op: Met die eerste tempel in die tuin van Eden, het ons gesien dat die Here van die destydse mense, Adam en Eva, gehoorsaamheid verwag het. Met die bou van die tabernakel, het die Here van die destydse volk gehoorsaamheid verwag – trouens Moses was op die berg om enersyds die kliptafels met die wet te ontvang, en andersyds die detail van die tabernakel te ontvang. En nou hier, as die Here sê dat Salomo die tempel mag bou, dan verwag die Here steeds gehoorsaamheid. En, natuurlik kan ons die lyn deurtrek na die gelowiges as die tempel – die Here verwag steeds van hulle gehoorsaamheid. Sien jy hoekom die goue kalf gebeure so belangrik was: Die heilige Here kan net in Sy volk se midde woon as hulle ook heilig is, d.w.s. as hulle gehoorsaam is. En die tabernakel het dit moontlik gemaak dat Hy in hulle midde kon woon. Kom ons kyk nou wat gebeur met die tempel wat Salomo gebou het: Sien ons dieselfde klem op gehoorsaamheid daar?

Voor ons daarna kyk, kan ek ook net nog die volgende vraag vra: Hoekom is Dawid nie toegelaat om die tempel te bou nie, maar sy seun Salomo kon dit wel bou? Ons lees in 1 Kon 5:3 dat Dawid nie toegelaat is om die tempel te bou nie, omrede hy so baie oorloë gevoer het. Hy het hierdie oorloë gevoer om sodoende die beloofde land behoorlik in te neem. Dawid het weliswaar baie voorbereidings getref vir die bou van die huis, maar dit was sy nakomeling, sy seun Salomo, wat die huis gebou het. Wat beteken dit? Wel, Dawid is 'n Ou Testamentiese tipe van die Here Jesus. Soos Dawid het Jesus baie oorloë gevoer – teen die duiwel en sy bose magte, en Jesus het die duiwel oorwin. So het Hy alle voorbereiding getref wat nodig was vir die bou van die tempel wat bestaan uit gelowiges – maar dit is Sy Nakomeling, die Heilige Gees, wat eintlik die tempel van gelowiges bou op Jesus se werk as die hoeksteen.

<u>Salomo bou die tempel (1 Kon 6-9)</u>

Ons lees van die bou van die tempel in 1 Kon 6-9. Salomo het die tempel begin bou in die 480ste jaar na die uittog (1 Kon 6:1) – die tabernakel het dus diens gedoen vir meer as 400 jaar. In 2 Kron 3:1 lees ons dit is op Moria gebou – dit is natuurlik waar Abraham destyds vir Isak moes offer, waar die beginsel van 'n plaasvervangende offer gedemonstreer is. Jesus, wat die tempel is, is die ware Plaasvervangende Offer. Die tempel gebou op Moria wys na Hom.

In 1 Kon 6-7 lees ons baie detail van die tempel wat Salomo gebou het. Ons lees detail oor die gebou, hoe die mure en die vloere bedek is, ons lees van die gerubs in die Allerheiligste, ons lees van die pilare en die waskom. In 1 Kon 7:48 ev lees ons ook 'n opsomming van die ander meublement in die tempel, wat ons ook al in die tabernakel gesien het – soos die altaar, die tafel met die toonbrode, die kandelaar, ens. Kom ons wees eerlik: die tempel was eenvoudig indrukwekkend in vergelyking met die tabernakel. In 1 Kron 22:5 lees ons dat Dawid vir Salomo gesê het dat dit buitengewoon groot moes wees, en dat dit roem en eer moes verwerf in al die lande. In 1 Kon 8:13 sê Salomo hy het 'n vorstelike woning vir die Here gebou. In 2 Kron 4:7-8 lees ons dat daar in die tempel 10 lampstaanders en 10 tafels met toonbrode was in vergelyking met die tabernakel waar daar net 1 van elk was. Die tempel was indrukwekkend. Maar al was dit indrukwekkend, lees ons tog dat Salomo in sy gebed erken dat nie eers die hoogste hemele die Here kan bevat nie – wat nog te sê die tempel wat hy gebou het (1 Kon 8:27).

Die inwyding van die tempel was ook 'n groot en glansryke geleentheid. In 1 Kon 8:65 lees ons dat dit saamgeval het met die loofhuttefees. Ons het al in die verlede daarna verwys dat die loofhuttefees ook vooruit gekyk het na Jesus se 1ste of 2de koms – wel, siende dat Jesus die tempel is, maak dit sin dat die inwyding van die tempel saamgeval het met die loofhuttefees. Ons lees hoe baie offers gebring is toe die verbondsark na die nuwe tempel gebring is. Ons lees detail oor Salomo se toespraak met die inwyding, en daarna ook detail oor die gebed wat hy tot die Here gebid het. In hierdie gebed bid Salomo vir verskeie moontlike sondes wat die volk in die toekoms mog pleeg, maar dat as hulle hulle dan bekeer en na die tempel bid, moet die Here hulle tog vergewe. En die hoogtepunt moes sekerlik wees toe die wolk, m.a.w. die heerlikheid van die Here, die tempel gevul het (1 Kon 8:10) – soos wat die heerlikheid van die Here ook die tabernakel destyds gevul het toe dit ingewy is.

Maar let nou op die volgende: Lees 1 Kon 6:12. Hier is Salomo besig om die tempel te bou, en te midde van al die bouwerk, kom die Here en herinner Salomo: "Ek sal my belofte aan Dawid gestand doen – maar jy moet My voorskrifte, bepalings en gebooie nakom". Die Here oordeel die bou aan die tempel is goed, maar dit moet hand aan hand loop met gehoorsaamheid – soos wat die Here in Eden verwag het, soos wat die Here by Sinai verwag het. Lees 1 Kon 9:1-9. Na die bou van die tempel, na die feestelike inwyding van die tempel, kom die Here weer na Salomo, en Hy herinner Salomo: Die

Here erken die tempel – immers het die heerlikheid van die Here die tempel gevul – maar die Here verwag gehoorsaamheid. As Salomo gehoorsaam is, sal die Here Sy belofte aan Dawid nakom. Maar, as hulle afvallig word, sal die Here Israel uitroei van die grond af wat Hy hulle gegee het, en die Here sal die tempel vernietig. Die Here onderstreep weer: die essensie is gehoorsaamheid. As die volk ongehoorsaam is, word hulle vernietig, word die land vernietig en word die tempel vernietig. Die essensie is: gehoorsaamheid. Onthou waar dit vandaan kom: Ek wil julle 'n koninklike priesterdom en 'n heilige nasie maak (Eks 19:6). 'n Heilige nasie is per definisie 'n gehoorsame nasie.

Kom ons dink nou vir 'n oomblik oor die tabernakel versus die tempel: Is daar vordering vanaf die tabernakel na die tempel? In sekere opsigte: ja. Teen die tyd dat die tempel gebou word, is die volk gevestig in die beloofde land, en daarom word die tempel ook nou gevestig in die beloofde land. Verder is die tempel baie meer indrukwekkend as die tabernakel – en dit maak sin as ons onthou die tabernakel en die tempel is die Ou Testamentiese tipes van die ware tempel wat gebou word op Jesus as hoeksteen, die profete en apostels as fondament en die gelowiges as stene. Daardie tempel sal selfs nog baie meer indrukwekkend wees as die tempel van Salomo.

En tog voel dit asof daar iets is waaroor die Here nie heeltemal rustig was nie: Onthou die Here het spesifiek vir Dawid gesê Hy het nooit die opdrag gegee vir die bou van die tempel nie – terwyl die Here wel pertinent die opdrag gegee het om die tabernakel te bou. Met die bou van die tabernakel het die Here die detail voorskrifte gegee van hoe die tabernakel moes lyk – met die bou van die tempel lees ons net van hoe Salomo (en Dawid) planne gemaak het. Ja, die basiese uitleg van die tempel was dieselfde as die tabernakel wat wel deur die Here gegee is. Maar het die Here Hom werklik verlustig in die prag en praal van die tempel? Dink aan die Here se voortdurende fokus op gehoorsaamheid: Toe Dawid vra om die tempel te bou, het die Here gesê sy seun kan dit bou – maar hy moet gehoorsaam wees. Terwyl Salomo die tempel bou, het die Here hom weer herinner – hy moet gehoorsaam wees. Na die tempel ingewy is, het die Here weer spesifiek na Salomo gekom en hom herinner – julle moet gehoorsaam wees, ander vernietig die Here die volk en die tempel.

In elk geval, dink oor die volgende: uit die opstelling van die tabernakel het ons ontsaglik baie geleer: regverdigmaking in die voorhof, heiligmaking in die Heilige, en heerlikmaking in die Allerheiligste. Maar vergelyk dit met die tempel wat leer ons uit die tempel? Ja, ons leer dat die Here op pad is na 'n nog heerliker tempel in die Nuwe Testament en aan die einde van die tyd. Maar die dieper betekenis van die tempel bly steeds dieselfde as die tabernakel. Ons leer nie soveel meer uit die bou van die tempel nie as wat ons al destyds geleer het uit die bou van die tabernakel nie. Dit is asof die Here bekommerd is oor die volgende: Die ongehoorsaamheid van die volk was by Sinai al 'n bekommernis, soos ons laasweek gesien het. En nou is daar hierdie meer indrukwekkende tempel. Kan dit wees dat hierdie indrukwekkende tempel die volk se fokus verder kan aflei van die eintlike essensie waarmee die Here besig is – en dit is om hulle na gehoorsaamheid te lei, sodat Hy werklik in hulle midde kan woon? Kan dit wees dat hulle eerder net sal opgaan in die indrukwekkende tempel?

<u>Jeremia waarsku die volk oor die tempel (Jer 7:1-15)</u>

Lees Jer 7:1-8. Jeremia tree op as profeet tussen 626-586 vC – rofweg 400 jaar na die bou van die tempel. Ons lees in vers 2 dat Jeremia deur die Here aangesê is om by die poort van die huis van die Here te gaan staan – hy moet dus by die ingang van die tempel gaan staan, daardie tempel wat Salomo gebou het. In vers 3-4 lees ons die essensie van Jeremia se boodskap aan die volk. Dit is nie net Jeremia se boodskap aan hulle nie – nee, dit is die boodskap van die Here self. Die boodskap bevat twee belangrike stukke inligting: (1) Die volk se doen en late moet goed wees, maar dit is nie goed nie. In verse 5 en 6 verduidelik die Here wat nie goed is aan hulle optrede nie: hulle handhaaf nie die reg nie, hulle verdruk vreemdelinge, vaderloses en weduwees, hulle vergiet onskuldige bloed,

en hulle loop agter ander gode aan. Kortom – hulle is ongehoorsaam aan die Here se wet – daardie wet wat Hy by Sinai gegee het, daardie boekrol van die verbond wat Hy met die sluit van die Sinaiverbond vir hulle gegee het. Hulle is ongehoorsaam – waarteen die Here hulle al by Sinai gewaarsku het, waarteen die Here al gewaarsku het toe Dawid die tempel wou bou, waarteen die Here gewaarsku het terwyl Salomo hierdie tempel agter Jeremia se rug, gebou het, waarteen die Here gewaarsku het nadat hulle hierdie tempel ingewy het. Ten spyte van hierdie herhaalde waarskuwings is die volk steeds nie gehoorsaam nie. (2) Die tweede deel van Jeremia se boodskap is die verweer wat die volk aanvoer: Hulle redeneer voortdurend: "Die tempel van die Here, die tempel van die Here, die tempel van die Here is dit!" Sien jy? Dit is presies waaroor die Here al met die bou van die tempel besorgd was: Ja, hulle besit die tempel en die tempel is voorwaar indrukwekkend. Maar die volk se vertroue lê nou in die tempel – in die fisiese gebou. Hulle redeneer hulle optrede is nie so belangrik nie, solank hulle maar net die tempel in hulle midde het. Dit was juis die punt wat die Here herhaaldelik onderstreep het: dit gaan nie oor die fisiese tempel nie – dit gaan daaroor dat die Here hulle wil heilig, en daarom is gehoorsaamheid ononderhandelbaar. Die tempel is bloot 'n hulpmiddel wat hulle moet help om te verstaan hoe die Here hulle by heiligheid, en dus by Hom, wil bring. Maar hulle haak vas by die tempel. Hulle vergeet wat die Here van die tempel se doel is, en hulle maak die tempel van die Here die einddoel. Die Here oordeel hulle woorde is eenvoudig bedrieglik. Hulle het effektief die tempel 'n grot van struikrowers gemaak (vers 11).

Lees Jer 7:12-15. Die Here sê die volk moet weer gaan kyk na wat destyds by Silo gebeur het. Die Here verwys hier na die gebeure in 1 Sam 4. Dit was in die dae van Samuel en Eli. Dit was nog voor die bou van die tempel – die tabernakel was nog die Here se woning onder die volk. Maar a.g.v. die ongehoorsaamheid van die volk, het die Here die Filistyne teen hulle laat optrek. En toe die volk swaar kry in die oorlog, het hulle die verbondsark van die Here laat haal – hulle het gehoop die fisiese teenwoordigheid van die verbondsark sou hulle laat wen. Maar dit het nie – die Here het toegelaat dat die Filistyne die verbondsark vat! En dit is die punt wat die volk nou weer moet besef: dit is nie die fisiese teenwoordigheid van die tempel wat aan hulle sekuriteit bied nie – nee, die Here verwag gehoorsaamheid sodat Hyself as die heilige God in hulle midde kan woon! Lees Jer 7:21-23. Die Here verduidelik Hy het inderdaad by Sinai aan hulle voorskrifte oor allerlei offers gegee. Maar die Here wil meer hê as net 'n slaafse bring van offers – die Here wil gehoorsaamheid hê. Die doel met die offers is om versoening te doen as hulle faal, maar hulle hoofstrewe moet wees om heilig te wees. Dit is die doel. Dit is die doel met die tempel. Die tempel is 'n middel tot hierdie doel. Die tempel is nie self die doel nie!

En die uitspraak van die Here is dat Hy nou gaan doen wat Hy destyds by Silo gedoen het: Hy gaan met die tempel, die huis van die Here waaroor Sy Naam uitgeroep is, waarop die volk vertrou het, doen soos wat Hy destyds by Silo gedoen het. Hy gaan dit uit hulle midde wegvat, trouens Hy gaan dit vernietig. Trouens, wat meer is, die Here gaan nie net die tempel vernietig nie, Hy gaan ook die volk wegwerp uit Sy teenwoordigheid – soos wat die Here al 'n stuk of 400 jaar gelede aan Salomo gewaarsku het. In vers 26 sê die Here die probleem is hierdie volk is hardnekkig – soos wat die Here al 'n stuk of 800 jaar gelede by Sinai gewaarsku het.

Boonop sê die Here vir Jeremia in vers 16, hy moet nie vir die volk bid en by die Here vir hulle pleit nie – want die Here sal glad nie na hom luister nie. Onthou jy hoe ons laasweek gesien het dat Moses tydens die goue kalf insident vir die volk ingetree het by die Here, en hoedat die Here op die ou end wel saamgetrek het op voorwaarde die tabernakel is in die midde van die kamp. Wel, noudat die volk 800 jaar later steeds nie gehoorsaamheid geleer het nie, maar eerder die tempel wat aan hulle die pad na gehoorsaamheid moes leer, gaan verdraai het en dit die fokus van hulle vertroue gemaak

het in plaas van vertroue op die Here self, is die Here op die punt om te doen wat Hy herhaaldelik beloof het om te doen: Hy gaan die volk en die tempel vernietig.

<u>Die tempel word vernietig (2 Kron 36:17-21)</u>

Lees 2 Kron 36:17-21. Hier lees ons van die voltrekking van die Here se oordeel. Die koning van Babel het gekom. Hy het baie van die volk doodgemaak, en die res het hy weggevoer as ballinge na Babel. Boonop het hy Jerusalem afgebreek en verbrand. Hy het ook die huis van God, dit is die tempel, afgebrand, en al die toebehore in die huis van die Here na Babel weggevoer. Vers 21 sê dit alles het gebeur sodat die woord van die Here wat Hy deur Jeremia aangekondig het, vervul is. Daar is meer uitsprake van Jeremia as net die gedeelte in Jeremia 7 waarna ons gekyk het – maar die beginsel is duidelik: Die volk het volhard in ongehoorsaamheid, en daarom het die Here na herhaalde waarskuwings, die volk laat wegvoer uit die beloofde land uit, en ook die tempel vernietig – soos wat Hy gewaarsku het.

<u>Implikasies vir ons</u>

Ek glo die essensie van die gebeure is duidelik: Die Here verwag gehoorsaamheid van Sy gelowige kinders. Hierdie is nie sommer net 'n ongegronde verwagting van die Here nie: Nee, dit is absoluut logies hoekom die Here gehoorsaamheid van Sy kinders verwag – want Hy is heilig, en Hy wil in hulle midde kom woon, en daarom moet hulle ook heilig wees. As hulle nie heilig is nie, kan Hy nie in hulle midde woon nie. En om heilig te wees, beteken om gehoorsaam te wees aan Sy voorskrifte en bepalings – kortom beteken dit om gehoorsaam te wees aan Sy wet – dit beteken om gehoorsaam te wees aan die tien gebooie wat Hy by Sinai op skrif aan ons gegee het. Dit is wat die Here verwag: absolute en perfekte gehoorsaamheid. Elke gelowige moet dit hoor en weet. Selfs elke Nuwe Testamentiese gelowige moet dit weet: Onthou Heb 12:14: "Streef na vrede met almal en na die heiligmaking, waarsonder niemand die Here sal sien nie". Dit is ononderhandelbaar.

Nou sal jy vir my sê: Ek weet dit. Ek weet ook dat geen mens volledig gehoorsaam kan wees aan God se wet nie. Maar genadiglik weet ons dat die Here Jesus gekom het en enersyds volmaak die wet namens ons kom vervul het, en andersyds het Hy versoening gedoen vir elke keer wat ons die wet oortree het. So, wat is die probleem? Immers, is ek gedoop. Ek het my geloof in Christus bely. Ek gebruik die nagmaal. Dit is tog alles goeie dinge, is dit nie?

Ja, maar kan ek jou vra: Is jy nou heilig? Is jy nou volmaak gehoorsaam aan God se wet? En ek is seker as jy eerlik is, is jou (en my) antwoord: Nee. Onthou die Here het herhaaldelik vir die volk herinner: Gehoorsaamheid is die essensie! Julle moet gehoorsaam wees anders kan ek nie in julle midde woon nie! Hebreërs sê: streef na heiligmaking, anders gaan julle nie die Here sien nie!

Maak dit jou ongemaklik voel? Ja, jy is 'n lid van die kerk, jy is gedoop, jy is gelowig, jy gebruik die nagmaal. Maar jy is nie absoluut gehoorsaam en heilig nie. Is al hierdie dinge soos lidmaatskap, geloof, doop, nagmaal, dalk soos die tempel destyds vir die volk? Jy beroep jou op al hierdie dinge – maar die Here soek gehoorsaamheid. In die gelykenis oor die skape en die bokke leer Jesus met die oordeelsdag gaan Hy soek vir gehoorsaamheid. Gaan die Here nie dalk ook eendag kom en my kerk en die woord en die sakramente wegvat nie – want ek het valse vertroue gehad in al hierdie dinge, terwyl die Here gehoorsaamheid wil sien nie, en ek is nie gehoorsaam nie?

Die vraag wat ek probeer vra, is: Hoe kan ek seker wees ek het nie misplaaste vertroue soos die volk nie? Hulle vertroue was op die tempel. Die tempel was in beginsel goed – dit het die verlossingspad van die Here uitgebeeld. Maar hulle het die tempel vertrou – terwyl dit waarna die tempel gewys het, die verlossing van die Here, nooit vir hulle waar geword nie. Hoe kan ek seker wees dit is nie ook

waar van my nie? Het ek nie dalk misplaaste vertroue in my kerklidmaatskap, my deelname aan die sakramente, of selfs in my geloof nie? Glo ek werklik? Hoe kan ek weet?

Wel, gaan kyk of jy die resultaat sien wat die tempel in die lewe van die volk moes bereik het. Gaan kyk of jy gehoorsaamheid sien. En, skep moed: Moenie direk moed verloor as jy nie perfekte gehoorsaamheid sien nie. Gaan kyk of jy vordering sien in gehoorsaamheid. Kan jy in jou lewe sien deur doodeenvoudig jou lewe te gaan spieël in die wet van die Here, dat jy vorder in gehoorsaamheid? Niemand gaan in hierdie lewe volmaak gehoorsaam wees nie. Maar sien jy vordering? Is jy bewus en kan jy wys van hoe jy strewe na gehoorsaamheid? Lees mooi wat Hebreërs 12:14 sê: "Streef na heiligmaking, waarsonder niemand die Here sal sien nie." Of dink aan 1 Joh 3:6: "Elkeen wat in Christus bly, sondig nie meer nie; elkeen wat aanhou sondig, het Hom nie gesien nie, en Hom nie leer ken nie." As jy nie kan bewys dat jy streef na heiligmaking nie, as daar geen vordering in heiligheid in jou lewe sigbaar is nie, as jy net aanhou sondig, moet jy ernstig wonder of jy nie soos die volk 'n misplaaste vertroue het nie. Waarskynlik is jy dan soos hulle: Hulle het geroep "Die tempel, die tempel, die tempel van die Here!". Waarskynlik roep jy dan: "Ek is lidmaat, ek is gedoop, ek glo!" – maar dit is misplaas. As jou geloof nie bewysbaar is in toenemende heiligheid nie, het jy nie geloof nie, en vroeër of later gaan die Here jou konfronteer. As jy wel die vordering in heiligmaking kan aantoon, kan jy seker wees jy is al in die tabernakel, jy is al deur die voorhof, jy is al in die Heilige – en jy kan seker wees die Here sal jou ook in die Allerheiligste bring. Dit is die moeite werd om seker te maak.